November 2010
Dagsê al die belangstellendes in die geskiedenis van ou Pretoria,

Hier is nog 'n stukkie geskiedenis oor die winkel van J.R. Lys op Kerkplein. Dit kom uit 'n Pretoria-brief wat ek in 2004 geskryf het.

<u>Die storm van 1874</u>
Die Saterdagmiddag van 7 November 1874 het 'n vreeslike storm Pretoria getref. In die Raadsaal waar die Volksraadsitting aan die gang was [op 'n Saterdagmiddag?] het dit so donker geword dat die mense nie kon sien om te skryf nie. Die Hollands klink baie mooier as wat ek dit in Afrikaans kan vertaal: "Zij werd ons beschreven als een zwart wolk massa, die op de stad aanrolde en telkens met korte tusschenpoozen schitterend verlight werd deur felle bliksemstralen." Hael so groot soos duifeiers het geval en 'n stormsterkte rukwind het gewaai.

Die Volksstem-drukkery se dak het afgewaai. Die hele ysterdak met sparre en geelhoutbalke van 20 voet het deur die takke van 'n wilgeboom getrek en 75 tree verder op 'n roosheining geval. Een van die balke het op die goewermentskool geval, een vensterraam totaal versplinter en 'n kraak in die muur veroorsaak.

Die nuwe winkel van J.R. Lys se ysterdak is geheel uit die balke gelig en dit het veroorsaak dat die voorlys op die stoep se dak val en dit verpletter. Die huis van J. Wolmarans by Derdepoort se dak het ook afgewaai. Die oes van die heer R. Jackson is platgeslaan en so ook dié van J.C. Nielen Marais.

Dit is ook die middag wat die kerkklok se staander omgewaai en die klok gekraak het.

---

Ek het uiteindelik begin om die "News of the Camp" van 1880/81 te lees. Wat my veral opgeval het is al die reëlings en regulasies in die kamp. Baie daarvan het betrekking op die gesondheid, netheid en higiëne van die kamp. Hieronder volg 'n paar van die regulasies wat in die koerante van 25, 28 en 30 Desember 1880 verskyn het.

* Alle persone in die hutte en tente moet van 6:30 tot 9:00 buite wees sodat die tente en hutte gevee en skoongemaak kan word.

* Alle beddegoed moet buitekant gesit word om lug te kry [indien die weer dit toelaat].

* Die dokter by die hospitaal kan slegs in 'n noodgeval besoek word.

* Agt uur in die aand moet alle vure dood wees en alle ligte moet om 9 uur uitgedoof word.

*	Niemand mag was [ek wonder net - klere of mense?] aan die bo-kant van die sluis aan die noordekant van die kamp nie.


*	Elke dag van 7 – 9 en dan weer van 3 - 5 sal 'n mediese offisier rondtes in die kamp doen. Saam met die offisier het 'n persoon geloop wat 'n klok gelui het sodat die mense kan weet waar hy hom bevind.

Na aanleiding van die klok verskyn die volgende brief in die koerant van 30 Desember:

Dear Sirs – As you have been kind enough to notice the dolorous pitch of my bell, I take the present opportunity of enlisting your assistance, and through you that of the public in procuring something of a more campanological or musical character. I may say that the system works well, but like everything else in this world, it can certainly be improved upon.

Yours Faithfully,
J.E. Dyer M.D.

[Our P.D. suggests that the Issuer of Meat should take the Cow Bell, and that Dr. Dyer should introduce him to a more attractive bell. - Editor]




<u>'n Foto geneem deur H.F. Gros van die dokter besig met sy rondtes</u>



Die volgende skets verskyn in Carthwright [Car-01 p86] met die opskrif: “The doctor on his morning round in the camp. He is always accompanied by a “bellman” who carried a cow bell so that everybody knew where he was and where he could be consulted. A drawing from the “Graphic”, after a photograph by Gros.”

* Medisyne sal elke dag van 9 – 10 en dan weer van 5 – 6 by die hospitaal uitgegee word.

* Alle mans in die kamp wat nie vrywillig aansluit nie moet diens doen. Daar sal bv. van hulle verwag word om te help om huise te bou. Later word beveel dat geen mans die kamp mag verlaat voordat die werk van die dag nie afgehandel is nie.

* Standard Bank sal eke dag vir een uur oop wees om tjeks te wissel. En elke dag om 12 uur sal ‘n skoot afgevuur word om die tyd aan te dui.

* Ek het altyd verstaan dat die mense heeldag in die kamp moes wees. Die volgende kennisgewing het egter verskyn: Ossewaens sal 3 maal per dag loop tussen die kamp en die markplein vir mense wat hul huise wil besoek. Slegs vroue en kinders mag op die waens ry en slegs handbagasie mag saamgeneem word. Die

waens vertrek in die oggend om 9uur, 10uur en 11uur vanaf die hek by die kamp en keer weer terug om 3uur, 4uur en 5uur vanaf die Markplein.

* Soos te wagte kan wees word daar ook gekla dat baie groente en vrugte uit die tuine op die dorp gesteel word.

* Daar verskyn ook persoonlike advertensies in die koerant nl. een van die soldate soek iemand om sy wasgoed te was en ‘n ander een soek ‘n jong meisie met die oog op ‘n moontlike huwelik.

Bronnelys

Arg-04 Argief Jaarboek, Jaar 19, vol. 1. Cape Times Ltd. 1956.

Dux-01 Duxbury, George R. David and Goliath: the First War of Independence, 1880 – 1881. S.A. National Museum of Military History: Johannesburg. 1981.

Car-01 Cartwright, A.P. & Cowan, N. The old Transvaal, 1834-1899. Purnell & Sons: Cape Town. 1978.

K = News of the Camp

V = De Volksstem

-----------------------------------------------------------

Groete tot volgende maand,
Rosa Swanepoel